# Hoe lyk 'n gebedsoldaat?

**Maandag 15 Augustus 2022**

**Kol 4:12-13** **"**Epafras, wat een van julle is, stuur vir julle groete. Hy staan in diens van Christus Jesus en bid altyd ernstig vir julle dat julle staande mag bly, geestelik volwasse en in alles volkome gehoorsaam aan die wil van God. **13** Ek kan van hom getuig dat hy baie vir julle doen asook vir die gelowiges in Laodisea en in Hiërapolis."

**Epafras was heel waarskynlik kerkplanter en sendeling van formaat.** Hy het heel waarskynlik die kerk in Kolosse geplant (Ko 1:7-8). Hy is na die evangelie gelei deur Paulus se prediking in Efese. Dit lyk asof Epafras ook die gemeente van Laodicea en Hierapolis (Kol 4:13) gestig het.

**Wat het Epafras gemotiveer om die evangelie uit te dra?**

**Hy het in diens van Christus Jesus gestaan! Kol 4:12.** Epafras was ook 'n geliefde medewerker en 'n getroue dienaar van Christus. Kol 1:7,8. Epafras was lief vir Jesus Christus en hy kon nie anders as om die evangelie uit te dra en te versprei nie. Maar Epafras het nie geglo in alleen werk nie, daarom het hy die gemeeente van Kolosse deel gemaak van sy bediening. Hoe weet ons dit? Epafras was nie net 'n dienskneg wat alleen gewerk het nie, maar 'n **mede-dienskneg.**

**Wat was Epafras se geheim om sy werk te kon doen?**

**Hy was 'n gebedsoldaat met die volgende karaktertrekke van sy gebedslewe!**

- Hy het gedurigdeur gebid! V12
- Hy het vurig gebid! V12
- Hy het persoonlik gebid. V12
- Hy het vir spesifieke sake gebid.
- Hy het selfopofferend gebid.

**Kol 4:12-13** **"**Epafras, wat een van julle is, stuur vir julle groete. Hy staan in diens van Christus Jesus en bid altyd ernstig vir julle dat julle staande mag bly, geestelik volwasse en in alles volkome gehoorsaam aan die wil van God. **13** Ek kan van hom getuig dat hy baie vir julle doen asook vir die gelowiges in Laodisea en in Hiërapolis."

**So moet ons gebedslewe ook wees.** Ons moet nie net bid omdat dit gewoonte is of van ons verwag word nie. In ons liefde vir Jesus Christus moet ons gedurigdeur en vurig bid.
Ons moet werklik groei in ons gebedslewe.
Al hoe 'n mens kan groei is deur te bid en elke dag al ernstiger en ernstiger te bid.

**Mag God ons ook daarin lei om ook gebedsoldate te wees soos Epafras.**

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com***